

## **WOLFRAM-MYN BEDREIG DIE BESTAAN VAN DUISENDE EN PLAAS HOË RISIKO OP RAMSAR-VERLORENVLEI**

- Ons, die mense van die Verlorenvallei staan saam teen die myn wat ons lewens bedreig en ons vallei wil vernietig.
- Ons, die plaaswerkers, vissermanne, boere en besighede, sal nie toelaat dat besoedeling van ons lug, water of grond ons lewenswyse vernietig vir die gewin van 'n paar gieriges nie!
- Ons, die liefhebbers van die natuur, verwerp enige verdere moontlike skade aan die reeds bedreigde Verlorenvlei en die unieke en wye verskeidenheid diere, voëls, reptiele, visse en plante, wat ondergrawing deur mense kan meebring.
- Ons sal die skaars en minbekende, ryk prehistoriese erfenis beskerm vir díe wat volg.
- Ons het die Verlorenvlei Koalisie gestig; ons getalle is besig om aan te was, sluit gerus by ons aan.

Die **Verlorenvlei Koalisie (VK)** is 'n samewerking tussen arbeid, besighede, burgerlike organisasies, omgewingsgroepe en plaaslike inwoners wat byeengekom het om die integriteit van die area en sy mense te preseveer.

Ons noem ons vallei, wat strek van Piketberg tot Elandsbaai, die 'Verlorenvallei'.

**DIE UITDAGING:** Nie minder nie as 5 aansoekers het reeds aansoeke ingedien by die DEPARTMENT VAN MYNBOU vir die reg om 'n oopgroef wolfram ('tungsten') en molibdeen myn te bou, een hiervan 50 hektaar groot en 200 meter diep. Die beoogde perseel lê in die Moutonshoekvallei, 'n small vallei sowat 17 kilometer lank en 3-4 kilometer wyd teen die hange van die Piketberg, tussen Piketberg-dorp en Elandsbaai in die Wes-Kaap.

**DIE VERLORENVLEI KOALISIE** sal die beoogde myn beveg omdat:

1. Dit die **produktiewe en winsgewende plase** sal vernietig en die **voedselsekuriteit** van die Wes-Kaap sal bedreig. Die Moutonshoekvallei alleen het 'n jaarlikse omset van R69.59 million.
2. Dit sal veroorsaak dat honderde plaaswerkers in die Moutonshoekvallei en honderde meer tussen Piketberg en Elandsbaai hul **werk en huise** sal verloor.
3. Water wat uit die oop put gepomp word kom uit 2 akwifers (ondergrondse **riviére**). Die impak hiervan kan potensieel ver-reikend wees (bv. aartappels in die res van die Sandveld; lentebломme in Namakwaland). So 'n risiko is ondenkbaar.
4. Besoedeling van grond- en oppervlakwater uit slikdamme en die oopgroefput kan die Verlorenvlei, 'n internasionaal beskermde **RAMSAR Vleiland**, vernietig.
5. Mynaktiwiteite kan onherstelbare skade aan die natuurhistoriese en San kulturele **erfenis** van die Verlorenvallei-streek veroorsaak.
6. Die stof wat deur die myn geproduseer word, kan onherstelbare skade aanrig aan die gesondheid van **plante, gewasse, diere en mense** van die Verlorenvallei (bv. Asma onder mense). Tot op hede is 12 bedreigde spesies fauna en flora in die area geïdentifiseer; talle ander wag op verifikasié.

7. Die ingrypende karakter van oopgroefmyne kan fisies en kultureel die **lewenswyse** van die Verlorenvallei gemeenskap vir ewig vernietig.
8. **Ons grootste vrees is dat die mynbedrywigheid sal begin en faal, en dat enige bekamping van grootkaalse vernietiging van alle lewensvorme in die hele area vanaf Piketberg tot by Elandsbaai, nooit geïmplementeer sal word nie.**

**DIE FEITE:** So 'n myn – met 'n verwagte leeftyd van minder as 20 jaar – is 'n korttermyn en onsekere geleentheid vir min mense om groot profyte in te win, ten koste van die langtermyn bestaan en natuurerfenis van al die mense van die Verlorenvallei.

**DIE WET:** Die Verlorenvlei Koalisie sal die aansoeke op wetlike gronde en van alle kante beveg. Ons het reeds die beste kundigheid beskikbaar, baie daarvan pro bono, teen die klaarblyklik onuitputbare hulpbronne van die mynaansoekers. Maar ons benodig alle hulp wat ons kan kry. DIS HOE JY KAN HELP!

**SLUIT NOU AAN BY DIE VERLORENVLEI KOALISIE!** Sedert die stigting van die VK, het groepe en individue van alle oorde reeds hulle steun gegee:

**ARBEID:** Die Moutonshoek Werknemers Vereniging, Banghoek/ Kapteinskloof Arbeid & Inwoners, Stawelklip Estates Werknemers Trust.

**BESIGHEID:** Aartappels Suid-Afrika, Agri Wes-Kaap, Velorenvlei Fragrant Products, Cape Eco Tours, Colors Fruit, Elands Bay Backpackers, Fox Electro, The Beach Camp in Cape Columbine Nature Reserve, The Grape Company, Unifrutti Matroozefontein; Lambertsbaai, Elandsbaai en Leipoldsville Toerisme Vereniging.

**BOERDERY:** Unifrutti, Wilgerbosdrift, Kosie van Niekerk Farms, Namaquasfontein Boerdery Trust, Eendekuil Boerevereniging, Het Kruis Boerevereniging, Stawelklip Estates.

**BURGERLIK:** Krom Antonies Water Users Association, Wild Dogs Motorcycle Club.

**OMGEWING:** Wildlife and Environment Society of South Africa, Birdlife South Africa, Endangered Wildlife Trust, Western Cape Wetland Forum, Krom Antonies Conservancy, Cape West Coast Biosphere Reserve, Cape Bird Club, CBC Conservation, Federation for a Sustainable Environment, Dendrological Society of South Africa, Schapenberg Sir Lowry's Conservancy, South African Faith Communities' Environment Institute, The Cape Leopard Trust, West Coast Bird Club.

**INWONERS:** Verlorenvlei Heritage Settlement & Nature Reserve Home Owners Association, Banghoek Private Nature Reserve Body Corporate, Elands Bay Ratepayers Association, Klawer Hengel Klub, Piket-Bo-Berg Residents Association, Piketberg Forum.

In die kort tydjie wat ons aan die gang is, het ons ondersteuning en hulp ontvang van dwarsoor die wêreld. Ons het jou nodig om aan te sluit by ons Koalisie. Jou lidmaatskap sal 'n verskil maak. Voeg jou naam by ons groeiende lys lede. Lidmaatskap is gratis; vrywillige donasies word verwelkom.

Om aan te sluit by die Verlorenvlei Koalisie, stuur vonkpos aan Kerry Kruger by [kerry@devs.co.za](mailto:kerry@devs.co.za) of pos jou naam, adres en telefoonnommer na Verlorenvlei Koalisie, Posbus Box 75, REDELINGHUYSEN, 8105 of faks die besonderhede na 0865244536. Ons poog om alle lede op hoogte van sake te hou. Hou ook ons webtuiste dop by [www.verlorenvlei.co.za](http://www.verlorenvlei.co.za), vir feite en ontwikkelings soos dit ontvou.